

Vrydag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 4:7-19

Fokusgedeelte: Hosea 4:7, 8

Die liefde van die Here vir lidmaat en voorgangers

Hosea praat en preek ... Elke hoofstuk en versdeel van dié profeteboek is 'n stuk geloofskategese met een boodskap: *Indien jou verhouding met God nie reg is nie, dan loop alles verkeerd!*

In menselewe en hart loop alles dan verkeerd. In die geloofsgemeenskap loop alles verkeerd. Ook in die lewe en werk van die geestelike voorgangers. Hosea se klagstaat word langer ... ook toegespits op die priesters. Die hoofklag is dat die priesters hulle belangrik-ste taak nagelaat het, naamlik om die Godskind in hulle kennis van die lewende Here te lei. In plaas van die woorde en tyding van die vreugde om die Here te ken, het die priesters gedwaal. Volk en voorgangers op dieselfde dwaalspoor! Weg van die Here af. Dwa-lende op die pad van hardkoppige verlorenheid.

Liefde vir die verkeerde. Maar die Here bly praat by monde van die Hosea-man. Hart-verskeurende verse-woorde. Hosea 4:7-19 laat mens stom van verbasing, en elke vers is in sy aanklag erger as die vorige een. Nie mooi verse nie. 'n Tragiese verhaal. 'n Ganse geestelike gemeenskap in geestelike vlak- en modderwater!

Maar die Here bly praat. Hoe dit moontlik is, weet mens byna nie. Om dan Hosea 11:9 raak te lees: *“Ek sal my gloeiende toorn bedwing, want Ek is God, nie 'n mens nie.”*

Genade vir almal ... volk en voorganger. Lidmaat en ampsdraer. Vir elkeen wat in Nuwe Testamentdae en –tyd Hosea 4 in hand het, nie verslae die Bybel toe te maak nie, maar te onthou dat elkeen van ons in Christus die priesteramp van die gelowige ontvang het. En die kennis wat jy in die ou wêreld as priester/priesteres moet indra, is: *“Dat God deur Christus ons met Homself versoen het.”*

Hosea se boodskap? Genade onbeskryflik groot! Dankie, Here, vir die profetestem.
Sing: Psalm 67-1:1

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)